10 Mei 2020

FAMILIE TUISBLAD

1 Petrus 2: 2-10

ons storie

Laat elkeen van julle, julle as gesin/ uitgebreide familie evalueer op 'n skaal van 1-10 oor hoe goed julle gedoen het voor die “lockdown” tyd op die volgende kategorieë
Kommunikasie
Meelewing in mekaar se doen en late
Emosionele versorging
Saam werk
Saam speel

ons nuwe storie

Die “lockdown” is iets wat met ons gebeur het. Dis nog 'n voorbeeld van 'n passiewe werkwoord. Ons moes dis ook gelate aanvaar. God gebruik dit egter om ons opte bou. Evalueer vandag weer die 5 kategorieë en kyk of julle nou beter tellings kry.
Kommunikasie
Meelewing in mekaar se doen en late
Emosionele versorging
Saam werk
Saam speel

GOD se storie

In die gedeelte gebruik Petrus 'n baie mooi beeld. Hy praat van 'n geestelike huis en dat ons lewendige stene is. Alles begin dat ons na Christus die lewende hoeksteen sal kom. Dis waar alles begin! Die kom na Christus toe.
Maar dan is daar 'n baie belangrike werkwoord vorm die passiewe werkwoord “laat”. Laat julle opbou tot 'n geestelike huis. Dis iets wat met jou gebeur. Jy werk nie aktief nie jy is passief- jy laat dit net toe. Dis die wonder van ons Heer dat Hy goed met ons doen en ons hoef nie eers so hard te probeer nie. Ons moet dit net gelate aanvaar en toelaat.

Rituele en gewoontes

Miskien is julle lus om met al die ervarings van die afgelope tyd 'n nuwe “normaal” as gesin met mekaar af te spreek.
Neem weer die 5 kategorieë en besluit op een ooreenkoms/ nuwe gebruik met mekaar oor elke kategorie, wat julle huis sal opbou.
Kommunikasie -
Meelewing in mekaar se doen en late -
Emosionele versorging -
Saam werk -
Saam speel -